


TEMMERS VAN DIE WOESTYN No 33

## INHOUD

| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| I | „Wees gewaarsku!" | 7 |
| II | Skote in die nag | 25 |
| III | Die uitdaging | 46 |
| IV | Kat en muis | 64 |
| V | Kasper se einde | 77 |
| VI | Die witvlag | 87 |
| VII | Sy laaste set | 98 |

## Hoofstuk I

## „WEES GEWAARSKU"

„DAAR lê hy!" roep Martie Goosens opgewonde uit, en spring met 'n „hokaai!" van haar vosperd af. „Ek het pa mos gisteraand gesê ek het die tier 'n doodskoot gegee," en sy hardloop na waar 'n tamaai luiperd stokstyf half onder 'n krans lê.

Thys Goosens klim van sy perd af en stap vinnig nader.

„H'm, ja, Martie, ek moet sê dis 'n ou knewel. Goeie skoot, siende dat dit al skemer was toe jy na hom geskiet het," en hy wys na 'n koeëlwond agter die roofdier se blad. „Mintag om te dink hy het met so 'n wond nog byna 'n myl weggekom van die kamp af. Maar kom, ons moet terug, jong. Ek sal hom gou gaan afslag en die vel sout en dan moet ons inspan. Kammasrivier lê nog ver, my kind."

„Pa, ry maar solank. Ek wil net so 'n bietjie verder in die kloof afry. Dalk kry ek 'n grysbok of iets." Martie se jaglus is sonder einde.

„Goed, maar wees tog versigtig, my kind. Help my net die dierasie op die perd kry—of nee, wag, ek slag hom net hier af. Waarom sal ons ons staan en moor om hom wa toe te karwei net om hom daar af te slag?" en die oubaas pluk sy jagmes uit om te begin, terwyl Martie, geweer in die hand, op haar perd klim en stadig in die poort afry.

Sy sug saggies. Sy mis haar moeder al hoe meer. Die jagtog in Suidwes was besonder geslaag. Daarvan getuig die wa vol ivoor, horings en velle, maar teen watter prys! Op die terugreis Unie toe, nadat die ander lede van die jaggeselskap in Narubis se wêreld weggeswaai het, het hulle een nag in 'n donderstorm beland en papnat gereën. Die volgende oggend was haar moeder klaende—vier dae later was sy 'n lyk, dood aan longontsteking.

Sy kan begryp dat haar pa haastig is om hul ou plasie aan die boloop van die Kammasrivier te bereik. Ook hy het geen sin meer in die hele tog nie. Sy sidder as sy dink aan die skok wat die slegte nuus vir haar jonger sussie en boetie gaan wees.

'n Skielike suisgeluid hier regs van haar, laat Martie haar sinne vinnig bymekaar ruk. 'n Duiker peul hier onder 'n volstruisbossie uit. Voordat hy om die eerste rotse verdwyn, knal 'n skoot.

„Raak," roep Martie uit toe sy die dowwe slag hoor.

„Kom!" sy gee die vos spore. Toe sy om die rotse jaag, hardloop die bok met 'n lam agterlyf net om 'n draai in die kloof onder toe.

Sy laat die perd tussen die rotse en klippe deurvleg. Toe sy weer die bok gewaar, sukkel hy teen die kranse uit. Sy ruk die perd uit, neem tydsaam korrel en toe sy aftrek, slaan die bok agteroor en kom rollende na benede.

Sy spring af, pak hom aan die pote en moet beur en steun om hom voor oor die saal te kry.

Sy draai om en laat die perd op sy tyd in die kloof opstap, wetende dat dit nog geruime tyd sal duur voordat haar pa ingespan en sy laaste koppie koffie en beskuit in het.

Haar gedagtes wou net weer na Kammasrivier toe dwaal toe sy skielik haar kop orent ruk. Sy kon sweer sy het 'n geweerskoot iewers gehoor, maar danksy die talle klowe en rotskranse was dit onmoontlik om die juiste rigting vas te stel.

„Seker maar Pa wat na 'n vlakpatrys of iets naby die kamp geskiet het," som sy die skoot op en begin maar weer haar gedagtes vrye teuels te gee, terwyl die perd op sy gemak met die teuels slap oor sy nek aanstap.

Toe sy die bo-ent van die kloof bereik, ruk sy die perd verskrik in. Oorkant die klofie waar hulle oornag het, trek 'n tamaai trop beeste om 'n uitloper van een van die talle klowe waarmee die wêreld hier by die Kosiesberge besaai is. En ál mense wat sy sien, is Hottentotte, en almal is te perd en gewapen soos sy aan die blink geweerlope kan sien. Sy gee haar perd die spore en jaag af na die klofie. Hier wag 'n tweede skok op haar. Die wa staan nog ongeskonde daar, maar die osse is nêrens te sien nie. En waar is haar pa?

Gedagtig aan die skoot wat sy 'n ruk gelede gehoor het, gee haar hart 'n woeste ruk terwyl sy wa toe jaag. Toe sy by die wa afspring, gee sy net 'n enkele gil. Anderkant die wa lê haar pa op sy rug met 'n onooglike koeëlgat tussen sy oë. Sy geweer sien sy nêrens nie.

Sy kniel langs hom neer, kyk enkele oomblikke met strakke blik na hom. Toe gaan sy onbedaarlik aan die snik.



Eindelik kom sy tot bedaring. Sy staan op. Nou eers sien sy dat die wa geplunder is. Daar is nie 'n enkele horing, stuk ivoor of vel te sien nie, nie eens die luiperdvel van so pas nie.

'n Waansinnige woede styg in haar op. Sy voel lus en spring op die perd en jaag onder daardie spul moordenaars in, maar al dadelik besef sy die hopeloosheid van haar toestand en sy kom weer effens tot bedaring. Sy stap na die perd, stoot die duiker moedeloos van sy rug af en gaan langs hom staan.

Wat moet sy aanvang? Hier staan sy sonder osse, stoksielalleen in 'n wêreld wat sy maar bra swak ken ook. Die rowers het ook al die ammunisie geneem sodat sy net haar geweer en sowat vier patrone in die magasyn het; niks meer nie.

Sy besluit om eers haar vader te begrawe en dan verder planne te probeer beraam. Daar lê gelukkig 'n graaf in die wa wat die diewe nie die moeite werd geag het om saam te neem nie, en sy begin so 'n dertig tree van die wa af 'n gat in die klipperige grond te grawe.

Sy is later stokflou, maar wat aanhou, is sy, half verblind deur trane. Eindelik is sy tevrede. Sy stap wa toe, sny 'n hele stuk van die wa-tent eenkant af en draai haar vader daarin toe voordat sy hom, knersende op haar tande, na die gat sleep.

Sy gooi hom toe, begin toe klippe op die grond te pak om seker te maak dat roofdiere nie later weer die vlak graf oopgrawe nie.

Toe haar taak eindelik afgehandel is, gaan sy langs die graf sit, sluit haar oë en begin te bid. Net haar lippe roer.

Sy prewel 'n sagte „Amen," maar bly met geslote oë sit.

'n Skor gelag, laat Martie se oë verskrik oopvlieg. Die volgende oomblik spring sy vervaard orent en vee haastig die laaste trane uit haar oë, om daarna haar hande teen haar rok af te veeg. Sy voel nog soos iemand wat van 'n vreemde ver land kom en nie mooi kan begryp waar sy is nie, allermins wie hierdie twee perderuiters is wat bo van hul perde af met grynsende gesigte na haar kyk.

Dat hulle klaarblyklik broers is, kan sy met die eerste oogopslag sien. Albei het swart krulhare en blou oë; albei is kaalgeskeer met klein swart snorretjies onder gekromde neuse en albei lyk vir Martie ewe ru en hard. Albei ry 'n bruin perd met 'n spierwit bles en elkeen sit met 'n geweer dwars oor die saalboom.

„Wie . . . wie is julle?" Sy stel die eerste die beste vraag wat haar te binne skiet.

„Ek dink ons moet jou daardie vraag stel, klein veldaanbiddertjie," merk die een op en die manier waarop hy haar van kop tot tone beskou laat Martie dadelik skrikkerig voel.

„Ek . . . ek het nou net my vader begrawe," prewel sy met 'n knop in haar keel. „'n Trop Hottentotte het ons span beeste en al vader se ivoor, horings en velle geroof nadat hulle hom doodgeskiet het. En . . ."

„En hoe het jy dan verbygekom?" wil die ander een weet. Hy kyk na sy maat en sê: „Martiens, ek sweer dis Stompvoet en sy mense se werk."

„Stompvoet?" Martie se oë rek. „Tog nie daardie Hottentot-kaptein wat homself Koning van die Richtersveld noem nie? Ek het al van hom gehoor. Hy . . ."

„Wie in die hele Namakwaland het nie?" val die laaste spreker in die rede. „Wie is jy?" wil hy weet.

„Ek is Martie Goosens. Ons bly aan die boloop van die Kammasrivier. Ons was saam met 'n jaggeselskap na Suidwes waar my moeder oorlede is. Wie is julle?

„Ek is Freek Vermeulen en dis my broer Martiens. Ons pa se naam is Kasper Vermeulen van die plaas Skuilhoek hier anderkant in die Kosiesberge. Al van Kasper Vermeulen gehoor?" Hy gryns effens.

Sy skud haar kop en albei mans bars uit van die lag terwyl Martiens smalend sê: „Wel, dis 'n mooi grap. Jy weet van Stompvoet, maar jy het nog nooit gehoor van die Heerser van die Kosiesberge nie! Verbeel jou!"

„Kleinding," gaan Freek uit die hoogte voort, „Kasper Vermeulen is, kort gestel, die WET, skriftelik en ongeskrewe dwarsdeur die woestynkontrei. Selfs Stompvoet trap in sy pasoppens as hy met pa Kasper deur die weer is. Hy het daardie trop beeste juis gister op Skuilhoek . . . e . . . gekoop. Hy is nou onderweg na sy „nes" in die ruwe Richtersveld en sal natuurlik onderweg nog so 'n bietjie moor en steel as die kanse hom voordoen," en Freek skaterlag.

„Jy lag!" Martie ruk haar fier orent. „Vind jy dit nie 'n skande dat sulke moordenaars na hartelus kan roof en plunder nie? Kan julle hom nie aankeer nie, of is julle dalk bang vir Stompvoet?"

Martiens, wat terwyl sy broer gesels het, Martie stilswyend aangekyk het, sê bars: „Pasop! Daardie soort taal geval ons nie."



„Geval julle nie?" Martie se asem hyg behoorlik. „Wil julle my sê dat hierdie Stompvoet maar kan moor en plunder en die boere laat dit toe? Het hy al so 'n skrik geword dat . . ."

„Martiens," sê Freek ongeduldig, „los die twakpraatjies. Sy is onnosel. Vra haar liewer wie haar die reg gegee het om op Kasper Vermeulen se grond daardie duiker te skiet?" en hy knik na die dooie bok se kant toe.

„Op julle grond?" Martie gaap hom aan. „My vader en ek het nog nooit sonder toestemming op 'n ander man se grond geskiet nie! Ons hou met die trekpad langs en . . ."

„En die bok het net mooi oor die pad gehol toe jou pa hom skiet, nè?"

„Ek het hom geskiet en dis eintlik aan hom te danke dat ek leef," en sy vertel die twee broers wat gebeur het. „En as julle so graag die bok wil hê, daar's hy. Vat hom," en sy draai haar rug op hulle.

„Freek, ek dink sy moet saam huis toe ry. Ek dink pa sal graag met haar wil kennis maak. 'n Vroumens sal handig te pas kom op Skuilhoek," en hy knipoog breed agter Martie se rug vir sy broer.

„Martie," gelas Freek ook dadelik, „klim op jou perd en kom."

Hy spring van sy perd af, raap haar geweer hier eenkant op en terwyl hy dit aan Martiens reik, stap hy na die bok, tel hom op en gooi hom oor sy perd se rug.

„Ek bly net hier," snou sy hulle toe. „Gee asseblief my geweer terug." Haar oë blits nou behoorlik vuur.

„Rissietjie, nè?" Martiens spring van sy perd af, gee sy eie geweer en Martie s'n aan Freek, en kom voor haar staan, hande in die sye. „Wil jy baie graag hierdie leë wa sonder negosie of osse oppas?" Hy glimlag maar sy oë is staalkoud.

„Gee my geweer en gaan jul gang," snou sy hulle toe. „Ek soek nie geselskap nie."

„Dit skyn vir my, Martiens, asof ons geselskap haar nie baie geval nie," kom dit lag-lag van Freek op die perd.

„Wie se geselskap verkies jy alleen in hierdie kale wildernis?" Martiens, 'n man van by die ses voet, kyk af na haar met 'n frons tussen sy oë.

„Ons kan jou mos nooit alleen hier laat nie," merk Freek gemaakbekommerd op.

„Duskant Goabsdrif het ons eergister 'n klompie trekboere gekry. Ek gaan soontoe."

„Skuilhoek is baie nader," sê Martiens. „Ons sal volk en trekvee stuur om die wa te kom haal. Pa sal jou daarvoor betaal."

„Ook vir jou dienste as kok op die plaas," las Freek by.

„Wat?" Martie snak na haar asem. „Dit lyk waaragtig asof julle twee meen julle kan my voorskryf wat ek moet doen en wat nie. As . . ."

„Baie na aan die waarheid," sê Martiens. „Kasper Vermeulen is eintlik die man wat hiet en gebied terwyl sy twee seuns, bekend as die ‚vrybuiters' net toesien dat sy bevele uitgevoer word. Kom . . ."

„So, dan is julle vrybuiters? Ek begin nou verstaan hoekom Stompvoet en sy kliek moordenaars maar kan maak en breek soos hulle wil. Dit sal my nie verbaas as julle twee met jul pa en al kop in een mus met die . . ."

Martiens se hand het uitgeskiet en Martie vol met die agterkant op haar mond getref sodat sy steier. „Ons het nou meer as genoeg van jou snipbekkie gehoor. Klim op jou perd!" en hy stamp haar aan.

„Ek weier!" skreeu sy wit van woede uit.

Martiens gryp haar om haar lyf, maar sy slaan haar naels in sy gesig en krap hom dat die bloed so loop. Tegelyk skop sy hom op sy maermerrie dat hy haar met 'n vloek los en na sy been gryp.

Sy storm haar perd, maar voordat sy nog haar een voet in die stiebeuel het, het Freek sy perd met 'n sprong tot teenaan haar vosperd gedruk, haar aan die hare beetgekry en na sy perd toe oorgeruk.

Martiens, wit van woede, het haar van agter af aan haar skouers beetgekry en met 'n „los haar" aan Freek, ruk hy haar grond toe waar hy haar op haar maag omrol en met sy kragtige arms vasdruk.

„Jou sambok," gelas hy Freek wat met die klein seekoeisambokkie in sy hand afspring.

„Sit die geweers neer en hou haar vas, Freek. Ek gaan haar 'n loesing gee soos sy nog nooit in haar lewensdag gehad het nie. Daarna sal sy haar skoene uittrek en plaas toe stap, al kruip sy later ook op haar knieë, die klein helkatjie!"

Die twee broers is so besig om Martie vas te druk, dat hulle eers die perdehoewe hoor klap toe 'n swart hings hier tussen die bome by die klofie uitbars en soos 'n vlieënde duiwel op hulle afpyl.



Soos een man storm Martiens en Freek na hul wapens, maar hulle is nog nie orent nie, toe bulder die ruiter wie se perd in sy spore langs hulle vasgesteek het: „Hande op of ek blaas jul harsings uit!"

Martiens kom orent, hande in die lug, maar Freek, effens verskuil agter sy broer, haal sy geweer oor menende om sommer uit die heup te skiet. Nog Freek nog Martiens het gesien dat die man roer, en tog, toe 'n skoot klap en 'n koeël Freek se bo-arm deurboor, blink 'n rewolwer in die sonlig, 'n rewolwer waaruit die rookdamp nog slaan.

„Stap na regs," en hy beduie tot waar.

„Juffrou, soek hulle goed deur na wapens," gelas hy Martie wat met haar oë en mond half vol grond, soos die wind orent gevlieg het.

Sy gehoorsaam soos blits.

„Net twee jagmesse," en sy reik dit aan die vreemdeling wat intussen van sy perd afgespring het. „Hou die messe solank," sê hy en stap tot so 'n vyf treë van die broers af, sy rewolwer al weer in die leersakkie aan sy sy.

„En nou, boewe, wat gaan hier aan?"

„Wie die . . . is jy?" bulder Martiens. Freek se arm pyn so dat sy spraaklus skoon weg is.

„Antwoord my vrae en speel gou." Die man se diepblou oë skitter onheilspellend.

„Ek is Martiens Vermeulen en dis my broer Freek en laat ek dit vir jou sê, vuilgoed, jy sal hierdie indringerigheid van jou betreur!"

„Vermeulen." Die vreemdeling dink 'n oomblik toe verhelder sy gelaat ineens. „Is julle tog nie die twee kamtige vrybuiters nie, die knape wat die arme trekkerboere se vee so steel nie? Jul pa se naam is Kasper Vermeulen, nè, die sogenaamde Heerser van die Kosiesberge, die man wat vee verkoop of liewer verruil aan daardie kaptein Stompvoet vir diamante wat Stompvoet uit sy skuilplek iewers in die Richterveld vir hom aandra."

„Jy weet bra baie," snou Martiens hom toe. „Nog iets?"

„Ja. Dis eintlik vir jou inligting juffroutjie. Hierdie twee weet baie goed waarvan ek praat. Stompvoet verkoop daardie vee weer aan bende avonturiers uit die Kolonie. Hulle leier is glo ene Sam Engel Pardon," en hy gryns in Martiens se gesig, „Stompvoet verkoop nie die vee aan hulle nie, maar ruil dit

vir gewere en ammunisie. Met ander woorde," en die vreemdeling se gesig is strak, „jul pa skaam hom nie om terwille van diamante om homself mee te verryk, vee te verskaf aan 'n Hottentotleier wat, soos hy voor sy siel weet, dit vir ammunisie verruil waarmee hy mede-blankes uitmoor nie. Nog meer: Stompvoet word deur hom beskerm, wat heel natuurlik is, want wie slaan die gans dood wat die goue eiers lê?"

„Waar kom jy aan dit alles?" Martie wat die man al die tyd met bewondering gade geslaan het, staan effens nader aan hom.

„Dis nuus wat die hele Namakwaland weet," antwoord Martiens bitsig. „Dis net jy, Martie Goosens, wat onnosel is, maar jou soort boer mos in die watente van jagters wat . . ."

Martiens het net die vreemdeling sien roer, toe tref 'n vuishou hom wat sy kop agteroor ruk en hom grond toe laat steier.

„Staan op en vra hierdie dame om verskoning!" kom dit streng.

„Dit sal ek ver . . ." begin Martiens, maar toe die rewolwer weer flitsend op hom gerig word, sluk hy sy sin in en vryf aan sy ken wat voel asof dit van die res van sy kakebeen loshang.

„Gou!" gelas die vreemdeling.

„Jammer," brom Martiens diep in sy keel.

„Moet ek staan en vrek bloei," wil Freek weet wat nog altyd sy beseerde arm vashou, bleek in die gesig.

„'n Vrybuiter is mos rateltaai, dan nie?" spot die vreemdeling. „Ewewel, Juffrou, ek het die nuus op verskeie plasies gehoor soos ons aan trek is met die vee. My eintlike wêreld is verder noordoos, doer in Betsjoenaland rond, maar so af en toe kom Kobie Ras hier rondloer, en . . ."

„Kobie Ras!"

Sowel Martie as Martiens en Freek roep die naam feitlik gelyktydig uit. Martiens word sigbaar bleek in sy bekrapte gelaat terwyl Freek se mond effens oophang.

„My arme vader het my baie van jou vertel, Kobie," roep Martie spontaan uit. „Van jou en jou nooi . . . e . . . ek dink haar naam is Hannah Fouché. Is . . . is sy ook by die trekkers?"

Kobie glimlag. „In die buurt rond ja." Hy knik na die wa, terwyl hy die broers dophou. „Natuurlik Stompvoet se werk. Ek het 'n uur gelede sy bende se spoor gekruis. Hulle het in die rigting van Stinkfontein gegaan en . . ."



„En nou gaan die dapper Ras natuurlik spoorsny en die bende alleen uitroei," spot Martiens wat van sy eerste skrik bekom het.

„O, nee, ek glo daaraan om my wapens te kies in ooreenstemming met dié van die vyand. Sonder medewerking van die boere sal niemand Stompvoet uit sy vesting kry nie en dit lyk my," en Kobie se oë trek effens toe, „dat die boere om een of ander rede traag is om die stryd aan te knoop."

„Kobie," en Martie se oë skitter lewendig, „volgens hierdie twee aasvoëls het Kasper Vermeulen 'n sterk houvas op die boere, maar ek weet nie juis hoe . . ."

„Ek kan raai," sê Kobie. „Diamante. Kasper leen aan die trekboere geld om vee te koop en so aan en nou ja, wie gaan die bevele veronagsaam van die hand wat jou kamtig voed. Ek sê kamtig, want dis maar Kasper se sluheid om homself te verryk. Hy is so genadeloos soos 'n gewonde luiperd. Julle twee," en Kobie kyk stip aan, „kom lê hier oor die wa se disselboom. Gou speel of . . ."

„Nog 'n ruiter," roep Martie uit toe perdepote agter hulle klap en 'n bruin perd met 'n meisie op die rug, van wie die kappie agter in die nek hang, die klofie uitgewip kom.

„Ja, dis Hannah Fouché," en Kobie glimlag breed. „Sy kom net kyk of dit hier goed gaan. Alles wel," roep hy uit toe Hannah langs sy perd stilhou en afspring. „Hannah, die dametjie . . . gits wat is jou naam?"

„Martie Goosens," sê sy.

Hulle groet en Hannah sê: „Dis jou geluk dat Kobie en ek so graag in die veld rondry, Martie. Ons het hierdie twee mans met die verkyker gesig en dophou en toe hulle hier tussen die bome verdwyn maar nêrens uitkom nie, het Kobie besluit om bietjie nader te gaan kennis maak. Wie's hulle, Kobie?"

„Martiens en Freek Vermeulen, die groot vrybuiters van die woestynland, outjie. Jou vader," en Kobie kyk na Martie, „is deur die Hottentotte vermoor. Ek . . . ek het die vars hoop grond gesien."

„Wat wou die twee met jou maak, Martie?" vra Hannah.

Martie vertel met spoed . . . „en Gode sy dank dat Kobie betyds opgedaag het," voeg sy by.

„Hannah, verbind gou Freek se arm."

„Laat hom na sy verstand gaan," roep Martie driftig uit.